



AFRIKAANSE PROTESTANTSE KERK

BYBELKENNISEKSAMEN – 2023

GRAAD 7 – VRAESTEL

BESTEK: Ou Testament: Rut 1-4 | Nuwe Testament: Johannes 1-3 | Les: 1-9

AFDELING A – RUT 1-4

VRAAG 1: OMKRING DIE REGTE LETTER OP DIE ANTWOORDSTEL:

- 1.1 Wat was Eliméleg se vrou se naam? (Rut 1:2)
a) Rut b) Naómi c) Orpa d) Ester
- 1.2 Wat was Naómi se man se naam? (Rut 1:2)
a) Maglon b) Giljon c) Eliméleg d) Boas
- 1.3 Wat het met Eliméleg, Naómi se man, gebeur? (Rut 1:3)
a) Hy het weggetrek. b) Hy het gesterf.
c) Hy het met Rut getrou. d) Hy het koning geword.
- 1.4 Uit watter volk het Maglon en Giljon vir hulle vrouens geneem? (Rut 1:4)
a) Israeliete b) Mídiániete c) Edomiete d) Moabiete
- 1.5 Wat was die name van Maglon en Giljon se vroue? (Rut 1:4)
a) Rut en Orpa b) Naómi en Ester c) Maria en Magdalena d) Debóra en Hagar
- 1.6 Wat het daarna met Maglon en Giljon gebeur? (Rut 1:5)
a) Hulle het 'n groot nasie geword. b) Hulle het weggetrek.
c) Hulle het vir Boas gaan werk. d) Hulle het gesterf.
- 1.7 Waarheen het Naómi en haar twee skoondogters toe besluit om te trek? (Rut 1:7)
a) Moab b) Juda c) Egipte d) Afrika
- 1.8 Wat het Naómi, toe hulle nog op pad was, vir haar twee skoondogters gesê? (Rut 1:7-8)
a) Kom saam met my. b) Draai om, elkeen na die huis van haar moeder.
c) Kom ons draai eerder terug. d) Trek af na Egipte.
- 1.9 Wat het die skoondogters gedoen? (Rut 1:14-16)
a) Orpa het omgedraai, maar nie Rut nie. b) Rut het omgedraai, maar nie Orpa nie.
c) Rut én Orpa het omgedraai. d) Rut én Orpa het vir Naómi gevolg.
- 1.10 Waarheen het hulle toe getrek? (Rut 1:19)
a) Jerusalem b) Moab c) Betlehem d) Egipte

- 1.11 Op wie se land het Rut gaan koringare optel? (Rut 2:3)
 a) Boas, uit die geslag van Eliméleg. b) Ísai, uit die geslag van Dawid.
 c) Dawid, uit die geslag van Ísai. d) Juda, uit die geslag van Jakob.
- 1.12 Waar het Rut gevra wil sy graag koringare optel? (Rut 2:7)
 a) Voor die stroper. b) By die gerwe agter die snyers.
 c) By die gerwe voor die snyers. d) Agter die stroper.
- 1.13 Wat was Boas van Naómi en haar familie? (Rut 2:20)
 a) lossen b) erfgenaam c) stamvader d) opsigter
- 1.14 Waar het Naómi gesê moet Rut gaan lê? (Rut 3:4, 14)
 a) By Boas se kop. b) Langs Boas in sy bed.
 c) By Boas se voetenent. d) In Boas se koringland.
- 1.15 Wat was Boas en Rut se seuntjie se naam? (Rut 4:17, 22)
 a) Dawid b) Ísai c) Peres d) Obed

VRAAG 2: VUL DIE ONTBREKENDE WOORD OP DIE ANTWOORDSTEL IN:

dood, verlaat, HERE, begrawe, waar, gaan, God, vertoef, volk, sterwe

Rut 1:16-17: *Maar Rut sê: Moenie by my aandring dat ek u moet (2.1) _____ om agter u om te draai nie; want (2.2) _____ u gaan, sal ek (2.3) _____; en waar u vertoef, sal ek (2.4) _____; u (2.5) _____ is my volk, en u (2.6) _____ is my God. Waar u (2.7) _____, sal ek sterwe en daar (2.8) _____ word! Mag die (2.9) _____ so aan my doen en so daaraan toedoen – net die (2.10) _____ sal skeiding maak tussen my en u.*

VRAAG 3: SÊ OF DIE VOLGENDE WAAR OF VALS IS.

MERK JOU ANTWOORD OP DIE ANTWOORDSTEL:

- 3.1 Boas het aan sy dienaars bevel gegee om so nou en dan uit hul bondels koringgerwe uit te trek en op die grond te sit sodat Rut dit kan optel. (Rut 2:16)
- 3.2 Boas was een van twee lossers vir Eliméleg se geslag. (Rut 3:12)
- 3.3 Boas was die naaste lossen en het eerste reg gehad om met Rut te trou. (Rut 3:12)
- 3.4 Nadat Rut by Boas se voetenent gaan lê het, het hy vir haar baie geld gegee om terug te vat. (Rut 3:15-16)
- 3.5 Boas het 20 manne uit die oudstes van die stad geneem as getuies tydens die bespreking van wie lossingsreg op die stuk grond van Naóomi het en wie met Rut moet trou. (Rut 4:2)
- 3.6 Dit was in daardie tyd die gebruik in Israel om by lossing en ruiling baadjies te ruil om die saak van krag te maak. (Rut 4:7)
- 3.7 Die ander lossen het toe die grond gekoop en Boas het vir Rut as vrou geneem. (Rut 4:5, 9)
- 3.8 Rut was kinderloos. (Rut 4:13)
- 3.9 Orpa was vir Naómi meer werd as twee seuns. (Rut 4:15)
- 3.10 Obed was koning Dawid se oupa en uit die geslag van Dawid, is baie geslagte later die Here Jesus gebore.

35 Punte

AFDELING B - JOHANNES 1-3

VRAAG 4: OMKRING DIE REGTE LETTER OP DIE ANTWOORDSTEL:

- 4.1 *In die begin was die _____ ... (Joh. 1:1)*
a) lig b) skepping c) Woord d) aarde
- 4.2 Die Woord was en is _____. (Joh. 1:1)
a) Die Heilige Gees b) God die Vader c) Jesus Christus d) Johannes die Doper
- 4.3 *Maar almal wat Hom aangeneem het, aan hulle het Hy mag gegee om _____ van God te word. (Joh. 1:12)*
a) kinders b) sondaars c) veroordeeldes d) slawe
- 4.4 Johannes het getuig van _____. (Joh. 1:15)
a) Die Ou Testament b) Die Nuwe Testament c) Jesus Christus d) Die Bybel
- 4.5 Johannes het gesê Jesus is die _____ van God wat die sonde van die wêreld wegneem. (Joh. 1:29, 36)
a) leeu b) Lam c) duif d) arend
- 4.6 *En Johannes het getuig en gesê: Ek het die Gees soos 'n _____ uit die hemel sien neerdaal, en Hy het op Hom gebly. (Joh. 1:32)*
a) leeu b) lam c) duif d) reën
- 4.7 By die bruilof in Kana het Jesus water in _____ verander. (Joh. 2:1-12)
a) bloed b) wyn c) druiwesap d) melk
- 4.8 Toe Jesus die tempel gereinig het, het Hy met 'n toutjiesweep die mense wat beeste, skape en _____ verkoop het, en die geldwisselaars, uit die tempel gejaag. (Joh. 2:14-16)
a) varke b) donkies c) duiwe d) hoenders
- 4.9 Jesus het vir die duiweverkopers gesê: ... *moenie die huis van my Vader 'n _____ maak nie.* (Joh. 2:16)
a) dobbelhuis b) handelshuis c) offerhuis d) afgodshuis
- 4.10 Met watter man uit die Fariseërs het Jesus oor die wedergeboorte gepraat? (Joh. 3:1)
a) Andréas b) Nikodémus c) Petrus d) Johannes
- 4.11 Jesus het vir hom gesê: *Voorwaar, voorwaar Ek sê vir jou, as iemand nie gebore word uit _____ en Gees nie, kan hy in die koninkryk van God nie ingaan nie.* (Joh. 3:5)
a) liefde b) genade c) water d) vlees
- 4.12 Johannes het gesê: *Hy wat die bruid het, is die _____ ...* (Joh. 3:29)
a) pa b) familie c) bruidegom d) kerk
- 4.13 Johannes het gesê: *Hy moet meer word, maar ek _____* (Joh. 3:30)
a) sterker b) minder c) meer d) bly dieselfde

4.14 Hy wat in die _____ glo, het die ewige lewe ... (Joh. 3:36)

- a) Seun b) kerk c) hart d) siel

4.15 In Johannes 3:36 staan verder: ... hy wat die Seun ongehoorsaam is, sal die lewe nie sien nie, maar die _____ van God bly op hom. (Joh. 3:36)

- a) liefde b) toorn c) seën d) hand

VRAAG 5: VUL DIE ONTBREKENDE WOORD OP DIE ANTWOORDSTEL IN:

heerlikheid, genade, lief, wêreld, eniggebore, verlore, gegee, gewoon, Woord, vlees

Johannes 1:14: En die (5.1) _____ het (5.2) _____ geword en het onder ons (5.3) _____ - en ons het sy (5.4) _____ aanskou, 'n heerlikheid soos van die Eniggeborene wat van die Vader kom - vol van (5.5) _____ en waarheid.

Johannes 3:16: Want so (5.6) _____ het God die (5.7) _____ gehad, dat Hy sy (5.8) _____ Seun (5.9) _____ het, sodat elkeen wat in Hom glo, nie (5.10) _____ mag gaan nie, maar die ewige lewe kan hê.

**VRAAG 6: SÊ OF DIE VOLGENDE WAAR OF VALS IS.
MERK JOU ANTWOORD OP DIE ANTWOORDSTEL:**

- 6.1 Die aarde het ontstaan deur evolusie. (Joh. 1:3)
- 6.2 Johannes was die lig van God. (Joh. 1:8)
- 6.3 Johannes het gesê hý is die profeet. (Joh. 1:21)
- 6.4 Johannes het met die Heilige Gees gedoop, wat soos 'n duif uit die hemel neerdaal. (Joh. 1:26)
- 6.5 Die woord "Rabbi" beteken, as dit vertaal word, "Meester". (Joh. 1:39)
- 6.6 Die woord "Messias" beteken, as dit vertaal word, "die Christus". (Joh. 1:42)
- 6.7 Die bruilof waar Jesus water in wyn verander het, was te Kana in Galiléa. (Joh. 2:1)
- 6.8 Toe die Jode 'n teken wou hê nadat Jesus die tempel gereining het, het Jesus vir hulle gesê: Breek hierdie tempel af en in ses-en-veertig jaar sal dit nie weer gebou word nie. (Joh. 2:19-20)
- 6.9 Toe Jesus van die tempel gepraat het, het hy van sy liggaam gepraat. (Joh. 2:18-22)
- 6.10 Soos Moses die slang in die woestyn verhoog het, so moet die Seun van die mens verhoog word. (Joh. 3:14)

35 Punte

AFDELING C - LES 1-9

**VRAAG 7: SÊ OF DIE VOLGENDE WAAR OF VALS IS.
MERK JOU ANTWOORD OP DIE ANTWOORDSTEL:**

- 7.1 Die Bybel is woorde oor God. (Les 1)
- 7.2 Die hele Skrif is deur God ingegee. (Les 1)
- 7.3 Die Nuwe Testament is oorspronklik in Grieks geskryf. (Les 2)
- 7.4 In die AP Kerk gebruik ons slegs die 1933/1953-vertaling van die Bybel. (Les 2)

- 7.5 Adam beteken in Hebreeus “man”. (Les 4)
- 7.6 Alle mense is gelukkig nie sonder nie. (Les 5)
- 7.7 Tydens die sondvloed van Génesis 6 is net Noag en sy vrou en ’n manlike en vroulike spesie van elke dier gered. (Les 6)
- 7.8 Noag se ark het op die berg Sinai tot rus gekom. (Les 6)
- 7.9 In die Nuwe Testament is die teken van die besnydenis vervang met die teken van die nagmaal. (Les 7)
- 7.10 Tydens die nagmaal herinner die brood en wyn ons aan die liggaam en bloed van Jesus, die Lam wat vir ons geslag is. (Les 8)
-

VRAAG 8: VUL DIE ONTBREKENDE WOORD OP DIE ANTWOORDSTEL IN:

paradys, boog, Tugmeester, reël van ons dankbaarheid, gelykenis, bloed, bitter kruie, kenbron, ongesuurde brode, besnydenis

- 8.1 Die wet van die Here, of die Tien Gebooie, is die _____ van ons sonde. (Rom. 3:20; les 9)
- 8.2 Die wet was dus ons _____ na Christus toe. (Gal. 3:24; les 9)
- 8.3 Ons besef dat Christus die wet namens ons vervul het en die straf namens ons gedra het. Die wet is dus daarom ook die _____. (Les 9)
- 8.4 Met die instelling van die pasga moes die Israeliete die _____ van die lam of bokkie aan hul huise se deurkorsse smeer. (Les 8)
- 8.5 Met die instelling van die pasga moes die _____ die Israeliete herinner aan hul lyding/slaverny in Egipte. (Les 8)
- 8.6 Die _____ moes die Israeliete herinner aan die haastigheid waarmee hulle moes wegtrek uit Egipte tydens die eerste pasga. (Les 8)
- 8.7 As teken van die genadeverbond het die HERE die _____ ingestel. (Gén. 17; les 7)
- 8.8 In die wolke wat weggetrek het ná die groot vloed in Noag se tyd, het God ’n _____ as teken van vrede gegee. (Les 6)
- 8.9 Die tuin van Eden word ook die _____ genoem. (Les 5)
- 8.10 As toppunt van sy volmaakte skepping het God die mens gemaak na sy beeld en sy _____. (Les 3)
-

VRAAG 9: OMKRING DIE REGTE LETTER OP DIE ANTWOORDSTEL:

- 9.1 Die Bybel is ’n versameling van _____ boeke? (Les 1)
a) 64 b) 66 c) 68 d) 70
- 9.2 Die wet van die Here (Tien Gebooie) is op _____ kliptafels geskryf? (Les 2)
a) 2 b) 4 c) 6 d) 8
- 9.3 Die woord “Messias” beteken _____. (Les 2)
a) Profeet b) Gesalfde c) Skepper d) mens
- 9.4 Die woord “Messias” is dieselfde as die Griekse woord _____. (Les 2)
a) Skepper b) mens c) Gesalfde d) Christus

- 9.5 Daar is _____ Evangelies in die Nuwe Testament. (Les 2)
a) 2 b) 3 c) 4 d) 5
- 9.6 Die eerste moord word deur _____ gepleeg. (Les 6)
a) Abel b) Kain c) Set d) Henog
- 9.7 Die woord “Exodus” beteken _____. (Les 8)
a) uittog b) intog c) aankoms d) tweede
- 9.8 Farao het die Israeliete laat trek nadat _____ plaes Egipte getref het. (Les 8)
a) 20 b) 9 c) 2 d) 10
- 9.9 Die Bybel leer dat die Here Jesus Christus die _____ van die skepping is. (Les 4)
a) Mens b) Seun c) Eersgeborene d) Oorwinnaar
- 9.10 Die naam “Bet-el” beteken _____. (Les 7)
a) huis van God b) baie hoog c) slaapplek d) puinhoop

30 Punte

TOTAAL: 100 PUNTE